# Gerhard von Rad – ’n honderd jaar

**Jurie le Roux**

**Departement Ou-Testamentiese Wetenskap**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## Gerhard von Rad – one hundred years

***In 2001 Old Testament scholars celebrated the birth of Gerhard von Rad’s birth one hundred years ago. As a contribution to these celebrations, this article focuses on Von Rad and his views on history. Von Rad emphasized the importance of historical criticism and he valued the views of Wellhausen and Gunkel. His own approach can be termed “tradition history”. Von Rad used these critical tools to determine the “theological maximum” of the Old Testament. He was interested in Israel’s own presentation of Yahweh’s history with them. In a particular way, Von Rad brought history and theology, critical scholarship en theological reflection together. This extremely important intellectual contribution is elaborated in the ensuing article..***

## 1. DIE VON RAD-KONGRES

Op 1901 is Gerhard von Rad gebore en ter viering van sy honderdste geboortedag het ’n heel besondere kongres in Heidelberg (Duitsland) vanaf Donderdagaand 18 Oktober tot Sondagaand 21 Oktober 2001 plaasgevind. Mense het van oraloor gekom en vir baie was dit ’n onvergeetlike geleentheid. Alles is deur die Fakulteit Teologie van die Ruprecht-Karls-Universiteit in Heidelberg gereël en die amptelike tema was, “Das Alte Testament und die Kultur der Moderne”.

Dit het ’n mens laat terugdink aan ’n soortgelyke geleentheid op 21 Oktober 1972 in Heidelberg. ’n Groot aantal mense het toe ook in die Aula van die universiteit saamgekom. Selfs die destydse Bondspresident, Gustav Heinemann, was teenwoordig. Von Rad was toe skaars ’n jaar gelede dood (hy is op 31 Oktober 1971 oorlede) en by die geleentheid is oor sy betekenis vir die Ou Testament en die teologie in die algemeen

nagedink. Hans Walter Wolff het oor van Von Rad as eksegeet gesels (Wolff 1973:9-20), Rolf Rendtorff het sy oorleweringshistoriese werkswyse verduidelik (Rendtorff 1973:21-36) en Wolfart Pannenberg het in 'n baie interessante stuk Von Rad se denke oor geloof en werklikheid bespreek (Pannenberg 1973a:21-36).

Op Donderdagaand 18 Oktober 2001 het daar weereens 'n groot groep mense in die Neue Aula saamgekom. Dit was 'n aand van musiek en groeteboodskappe. Die rektor, die dekaan van die fakulteit, die biskop, die burgemeesteres en nog ander het gepraat. Aandoenlik was die woorde van die groot filosoof, Hans-Georg Gadamer, wat vroeër vanjaar op honderd en twee jaar oorlede is. Rudolf Smend het die feeslesing oor die teologie van Von Rad gelewer (vgl Smend 1989:226-254).

Die Von Rad-kongres was iets besonder. Op verskillende maniere het Von Rad mense aangespreek. En dit was interessant om in die lesings en ook tydens tee- en maaltye allerlei kleinverhaaltjies oor hom te hoor. Dinge soos sy groot liefde vir musiek en die letterkunde, en hoe dit hom in moeilike tye nuwe moed gegee het; sy lesings wat hy dikwels met Goethe afgesluit het; sy gevangenskap tydens die oorlog; sy kennis van Barth se teologie; sy prediking en sy kerklike betrokkenheid; sy omgee vir ander en nog baie ander mooi dinge. Gedurende daardie Oktobernaweek in Heidelberg het Gerhard von Rad en sy werk opnuut weer vir baie mense sin en betekenis gekry.

## 2. HISTORIESE MINIMUM

Na al die jare het Von Rad nog steeds sy bekoring behou. Uiteraard is dinge nie meer dieselfde soos in Von Rad se tyd nie. Ons praat nou anders oor die Pentateug/Heksateug: die credo is nie meer die beginpunt van alles nie, die Jahwis word nie meer in die vroeë koningstyd geplaas nie, die vroeë koningstyd het self 'n probleem begin word, die Pentateug/Heksateug se oorspronge word nou in 'n versetsbeweging of in die era net voor die ballingskap gesoek, die breuk tussen Genesis en Eksodus word al hoe sterker beklemtoon, ensovoorts (vgl Zenger 1998:167-176; Schmid 1999:1-26; Van Seters 1999:31-57; Otto 1999a:1-90; 1999b: 693-696; 2000:196-211; Le Roux 2001:444-457). Een aspek van sy teologie wat egter nog steeds vir ons in Suid-Afrika belangrik kan wees, is sy geskiedsbeskouing. Om dit te deurdink, kan nie net waardevol wees nie, maar ook nuwe perspektiewe vir ons open.

"Geskiedenis" het algaande vir baie mense 'n lastige ding geword. Veral ook in Suid-Afrika. Alles het in die negentiende eeu begin. In daardie eeu het mense skielik anders oor geskiedenis begin dink. Dit het ook die eeu van die geskiedenis en geskiedskrywing geword. Geskiedenis was nie bloot meer 'n belangstellingsrigting of 'n vak nie, maar 'n lewenswyse (Von Harnack 1908:177-179). Dit het 'n manier van verstaan geword. Ons ken iets (soos die kerk en die Ou Testament) eers wanneer ons dit histories verstaan. Anders gestel: ons verstaan die Ou Testament eers wanneer ons die lang ontstaansgeskiedenis daarvan begryp (vgl Mehlhausen 1984:643-658). Uiteraard sou die Ou-Testamentiese wetenskap nie die geweldige impak van geskiedenis en historiese verstaan kon ontsnap nie.

Die opkoms van die histories-kritiese ondersoek van die Pentateug/Ou Testament was dus deel van 'n groot kultuurbeweging. Anders gestel: die negentiende eeuse Ou-Testamentiese-ondersoek is ingrypend deur die destydse historiese rasionaliteitsmodel beïnvloed. Hermann Gunkel, byvoorbeeld, het die "Religionsgeschichtliche Schule" as niks anders "as a new wave of the mighty historical current set in motion by our greatest idealist thinkers and poets" beskou nie. En hierdie magtige historiese beweging "affected our entire mental life, and has now long influenced our theological outlook also" (Gunkel 1926/1927:532-536).

Die opkoms van die geskiedswetenskap was iets groots, maar dit het ook 'n byna vernietigende effek gehad. Volgens Troeltsch werk geskiedenis soos suurdeeg (Troeltsch 1913:716-723): dit deurtrek alles en verander alles; dit ontleed (en ontbloot!) bestaande beskouinge vlymskerp en keer alles radikaal omver (Troeltsch 1922:729-753). So het dit ook met die Ou Testament gebeur. Ons noem maar een voorbeeld: die eenheidsbeeld van Israel se geskiedenis. Die negentiende eeuse kritiese historiese ondersoek het hierdie tradisionele beeld van Israel se verlede totaal en al omgekeer (Rogerson 1984:138-144). Die oorvereenvoudigde en onkritiese siening van Israel se geskiedenis (soos in die finale gestalte van die teks gereflekteer) is verwerp. 'n Kroniese spanning het mettergaan tussen die kanoniese en die histories-kritiese weergawe van Israel se geskiedenis ontstaan (Reventlow 1985:65-71). Aan die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeue was een saak dus baie duidelik: die geskiedenis van Israel was 'n uiters

komplekse saak en die ontstaansgeskiedenis van die Ou Testament baie meer ingewikkeld as wat tot nog toe gedink is (vgl Von Rad 1957:13-109).

Hoe kompleks die saak nou eintlik was, kan ons aan die hand van twee terme verduidelik: historiese minimum en teologiese maksimum (Von Rad 1957:114-120). Von Rad het hierdie terme op 'n besondere manier gebruik. Indien ons die vlymskerp ondersoek van die kritiese historiese wetenskap op die Ou Testament toepas, bly daar maar min oor wat histories waar is. Wat weet ons nou byvoorbeeld van Abraham en sy tyd? Talle geleerdes het al probeer om Abraham en sy tyd histories vas te vat, maar tevergeefs (vgl Alt 1966:10; Bright 1972:74-84; Thompson 1974:196-297; 1978:2-43; 1987:61-101). Dieselfde is ook van Isak en Jakob waar. In ons tyd word ook al hoe meer beweer dat die Dawid-Salomo-tyd of nie bestaan het nie of nie so glorieryk was soos die boek Kronieke ons leer nie (Davis 1994:28-40; 1995:21-45,57-71). Ons kan voorbeelde soos hierdie vermeerder, maar dit blyk onteenseglik dat al hoe meer vaste historiese Ou-Testamentiese sekerhede in die slag gebly het. Wat bly dan uiteindelik histories van die Ou Testament oor? Net 'n historiese minimum?

In die twintigste eeu het die logies-positiwisme dinge nog moeiliker kom maak. Hierdie logies-positiwistiese rasionaliteitsmodel het die geskiedswetenskap indringend beïnvloed. Hooftaak van die historikus was die opsporing en die beskrywing van feite, harde feite wat in die bronne aanwesig is en net ontsluit moes word. Aangesien die objektiewe eksperiment nie in die historiese wetenskap uitgevoer kan word nie, moes objektiewe waarneming die plek daarvan inneem. So volledig en presies as moontlik moes die bronne waargeneem (bestudeer) word sodat die feite verkry en 'n werklikheidsgetroue beeld van die verlede gerekonstrueer kon word. Hierdie waarnemingsproses moes so objektief as moontlik uitgevoer word. Dit was 'n belangrike deel van die historikus se taak om oor die historisiteit van gebeure uitsluitsel te gee (Ayer 1983:136-58; Kraus 1969:315-340; vgl Pannenberg 1973b:36-37; Dreyer 1974:101-103; Koningsveld 1977:31,32; Thiselton 1980:69-84; Urmson 1985a:167-168; Van Huyssteen 1986:25). Hierdie eise het die Ou-Testamentiese wetenskap voor groot uitdagings gestel. Binne 'n logies-positivistiese raamwerk is dit onmoontlik om enigsins met die ingrype van God in die geskiedenis rekening te hou.

## 3. TEOLOGIESE MAKSIMUM

Die aantreklike van Von Rad se werkswyse lê juis daarin dat dit ons help om die kritiese wetenskap te aanvaar, maar ook nog teologies besig te wees; om die historiese minimum van die Ou Testament te herken, maar ook na ’n teologiese maksimum te streef; om die historiese kritiek se geweldige kritiese impak te besef, maar dit nogtans as ’n onontbeerlike stuk eksegetiese gereedskap te beskou; om die insigte van die kritiese geskiedswetenskap te aanvaar en selfs te gebruik, en nog steeds teologies met die Ou Testament om te gaan. Von Rad het op ’n wonderlike manier daarin geslaag om teologie en geskiedenis, historiese kritiek en teologiese besinning, histories-problematiese geskrifte (bv die Heksateug) en Israel se diep teologiese insigte in ’n fynbalans te hou. Meer nog: die een het die ander nodig. Geskiedenis en teologie sluit mekaar nie uit nie. In Von Rad se denkraamwerk kan die een nie sonder die ander nie.

Von Rad is daarvan beskuldig dat hy twee soorte geskiedenis van Israel sou voorgestaan het. Een sou die resultaat van die kritiese wetenskap wees en die ander Israel se eie weergawe. Hy sou die “ware” geskiedenis, wat histories ondersoek en beskryf kan word, ter wille van Israel se geloofskonstruksie prysgegee het (Von Rad, 1960/1961:213-216). Hierop het Von Rad geantwoord dat iets soos “bruta facta” nie bestaan nie en dat geskiedenis slegs in interpretasie voortleef. ’n Gebeurtenis in Israel se verlede en die interpretasie daarvan in ’n daaropvolgende eras is onafskeidbaar van mekaar. Ons kan sê dat ’n gebeurtenis slegs in die geskiedenis van Israel se geloofstradisies bestaan en voortbestaan (Von Rad 1973d:289-312).

Dit is selfs van iets soos ’n sage waar. Selfs ’n sage het ’n “Anteil an der Geschichte” en dit dwing ’n mens om “Geschichte” in ’n wyer konteks te verstaan. ’n Sage het wel ’n historiese kern. Ten diepste is dit op ’n historiese gebeurtenis gegrond. ’n Ware historiese gebeurtenis het tot sy ontstaan aanleiding gegee. Tog het dit nie daarby gebly nie. Iets is “bygevoeg”: die teologiese refleksie oor die historiese ervaringe van Israel. Die historiese gebeurtenis het dus slegs as aanleiding tot die vorming van die sage gedien. Eeue lank is dit toe aan teologiese refleksie en ’n teologiese ontwikkelingsproses onderwerp. Sodoende is dit verder uitgebou en innerlik verdiep. En die historiese kern sowel as die latere teologiese refleksie is belangrik vir ’n studie van Israel se tradisies. Feit en interpretasie is onskeibaar (Von Rad 1970a: 30-42).

## 4. DIE HISTORIESE KRITIEK

Hoe het Von Rad geskiedenis en teologie bymekaargehou? In die eerste plek het hy ja-gesê vir die historiese kritiek. ’n Ou-Testament-teologie kan tog nie sonder die historiese kritiek geskryf word nie. Vir sy insigte het Von Rad uit ’n verskeidenheid wetenskaplike bronne geput. Veral twee Ou Testamentici het sy denke oor die teks, geskiedenis, literêre vorme, ensovoorts geslyp: Julius Wellhausen en Hermann Gunkel. Wellhausen se literêre kritiek was ’n vorm van “close reading” waarin hy op grond van taal, styl en teologiese verskille probeer het om die bronne of die boumateriaal (soos byvoorbeeld die Jahwis, die Elohis, Deuteronomium en die Priesterskrif) van die Pentateug te identifiseer en te beskryf (Wellhausen 1905:1-99; 1963: 1-61). Sodoende kon Wellhausen nie net die groei of dan die ontwikkeling van die Pentateug uit die al die bronne beskryf nie, maar hy kon ook met hierdie inligting ’n geskiedenis of ’n godsdiensgeskiedenis van Israel skryf. Literêre kritiek was egter nie Von Rad se hooffokus nie. Hy het selfs gesê dat die literêre kritiek teen die twintigerjare van die vorige eeu stoom begin verloor het. En tog sou Von Rad dit nooit kon ignoreer nie. Dit was ’n onontbeerlike werkswyse wat ’n mens toegang tot Israel se groot geesteswêreld verleen het. So ’n “exakte literarische Analyse und Datierung” bied nog “den besten Einstieg in die geistige Hinterlassenschaft Israels” (Von Rad 1974:318). Wie Von Rad lees, ontmoet opnuut die Wellhauseniaanse bronne: Jehowis (’n samestelling van die Jahwis en die Elohis), Deuteronomium en P. Von Rad sou dit egter totaal anders gebruik.

Dit was egter Gunkel en die “Formgeschichte” (Vormgeskiedenis) wat die grootste invloed op Von Rad uitgeoefen het. Gunkel het ons op die vorme in die Ou Testament en hulle kontekste (“Sitze im Leben”) gewys. Literêre vorme was vir hom belangrik. Dit het ons ’n verstaansgreep op die literatuur van die Ou Testament verskaf. ’n Besondere illustrasie hiervan is Gunkel se psalmstudies. Hy het verskillende psalmsoorte (soos ’n himne of ’n klaaglied) onderskei en dit binne ’n bepaalde konteks (“Sitz im Leben”) geplaas. Vorm en konteks, literatuur en die gewone lewe was vir hom onlosmaaklik (Gunkel 1975:1-32).

In sy Genesiskommentaar het Gunkel weer getrag om agter Genesis se finale gestalte na die kleinste vorme (soos sages) te soek en dan te vertel hoe alles tot die een groot finale gestalte gegroei het (Gunkel 1910:vii-lxxx). Volgens Gunkel is die hele boek

Genesis 'n versameling van sages: "Die Genesis ist eine Sammlung von Sagen" (Gunkel 1910:vii). Hiervolgens is die aartsvaderverhale uit 'n groot verskeidenheid sages saamgestel; diverse sages is tot 'n eenheid ("Sagenkränze") saamgesnoer (Gunkel 1910:xxxix). Hierdie "Sagenkränze" was onafhanklike verhaaleenhede wat na dieselfde karakter(s) verwys, dieselfde tema het, oor dieselfde historiese gebeurtenisse berig en wat mettertyd in vehaalsiklusse saamgevoeg is.

Gunkel se klem op literêre vorme het nuwe verstaanshorisonne vir Von Rad geopen. Vorme (soos wette, kultiese tekste, liturgieë, vroeë geloofsbelydenisse ens.) het teologiese konsekwensies gehad. In elke vorm kan ons as 't ware iets van die Ou-Testamentiese gelowige se worsteling met Jahwe, homself en sy tyd verneem. Dit sien ons veral in die groot literêre vorme soos die Heksateug, die Deuteronomistiese Geskiedswerk en die Kronis (Von Rad 1971b:248-261). Daarin het Israel ons iets van sy verlede saam met Jahwe vertel. Miskien kan ons dit weer verduidelik. Israel het sy verlede met behulp van kleiner literêre vorme (soos die credo) en groot literêre vorme (soos die Heksateug, die Deuternomistiese Geskiedswerk en die Kronis) oorvertel (Von Rad 1970a:30-42).

Deur middel van die historiese kritiek word Israel se verlede dus ontsluit. Anders gestel: deur middel van die historiese kritiek word die heilshandelinge van Jahwe verstaan en beskryf. Von Rad was van mening dat dit nie so toegepas moet word dat net die historiese minimum vasgestel kan word nie. Met die behulp van die historiese kritiek moet die teologiese maksimum eerder bepaal word (Von Rad 1957:108; Hasel 1982:97-108). Von Rad werk inderdaad literêr-krities en vormhistories, maar sy groot waarde lê op die gebied van die tradisiegeskiedenis (Rendtorff 1973:25-27; Knight 1975:97-142).

## 5. FINALE GESTALTE (DIE BEGIN EN EINDE)

Daar is ook iets anders wat Von Rad by Gunkel geleer het. Iets wat vir ons in Suid-Afrika van uiterste belang is. Iets wat goed by ons eie eksegetiese tradisie inpas. En dit is die belangrikheid van die finale gestalte van die Heksateug en die Ou Testament: "Eine besondere Rolle spielte dabei die Anwendung von Gunkels formgeschichtlicher Methode, wenn man sie auf grosse literarische Einheiten anwandte" (Von Rad 1974:319). Gunkel het Von Rad vir die eindvorm van die Ou Testament laat oog kry. Daar, en presies daar

moes alle wetenskaplike arbeid in verband met die Ou Testament begin en ook eindig (Rendtorff 1991:54-63). Uiteraard het Wellhausen en die literêre kritiek Von Rad se werkswyse indringend beïnvloed, maar die blote fokus op bronne sou tot 'n teologiese verskraling lei. En waarom? Omdat die finale gestalte uit die oog verloor word (Le Roux 1981:144-146).

En tog het Von Rad verder, heelwat verder as ons gegaan. Hy wou vasstel hoe die finale gestalte ontstaan het. Hy wou weet hoe hierdie finale gestalte van die Heksateug tot sy huidige gestalte gegroei het. En dit is natuurlik 'n historiese onderneming. Maar: dit het ook teologiese konsekwensies gehad. Geskiedenis en teologie is onlosmaaklik verbind. Ons kan dit soos volg verduidelik. Von Rad het die erfgoed van die negentiende eeu ook in sy eie teologiese gene gedra. Eers as 'n mens iets (soos die Heksateug) se ontstaan en groei kan verstaan, kan 'n mens iets van Israel se teologie begryp. Eers wanneer ons kan vertel waar alles (met betrekking tot die Heksateug) begin en geëindig het, snap ons iets van Israel se teologie (Von Rad 1973c:154-188). Kortom: in die historiese verhaal (oor die Heksateug se ontstaan) lê die teologiese insigte (van Israel) ingebed. Dit spreek dus vanself dat teologie en geskiedenis nie geskei kan word nie (Von Rad 1971a:9-86).

Vanweë sy fyn eksegetiese voetwerk kon hy 'n fyn balans tussen geskiedenis en teologie handhaaf. Maar hoe het Von Rad te werk gegaan? Hy het "geboor" en "geboor". Van bo tot onder het hy "geboor". Vanaf die Heksateug se finale gestalte tot die kleinste deeltjie; vanaf die finale vorm (die Heksateug) tot die kleinste vorm (die credo). En die "boor" wat hy gebruik het, was die literêre kritiek. Daarmee kon hy tot die kleinste deeltjie probeer deurdring. Die kleinste deeltjie of vorm wat hy toe raak geboor het, was 'n geloofsbelydenis (of "credo"). 'n Voorbeeld hiervan kry ons in Deuteronomium 26:5-9: "My vader was 'n Arameër wat van plek tot plek getrek het. Hy het na Egipte toe gegaan ... Daar het hy 'n groot, sterk en talryke nasie geword. Die Egiptenaars het ons ... verdruk ... Ons het na die Here ... om hulp geroep, en Hy het ons gehoor ... Die Here het ons uit Egipte laat wegtrek ... Hy het ons in hierdie plek gebring en hierdie land aan ons gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning". Dit was egter nie genoeg nie. Omdat die finale gestalte vir Von Rad so belangrik was, moes die lang verhaal vanaf die "credo" tot by die eindvorm ook vertel word. En soos ons reeds gesê

het, het hy in hierdie "boordery" en hierdie oorvertellery (vanaf die begin tot die einde) iets van Israel se teologie gehoor (Von Rad 1973b:109-153).

## 6. VON RAD SE WERKSWYSE

Von Rad se werkswyse word "oorleweringsgeskiedenis" of "tradisiegeskiedenis" genoem. Beide begrippe "Tradition" en "Überlieferung" word sinoniem gebruik. Breedweg kan ons hierdie "metode" as 'n historiese teksbenadering beskou waarin getrag word om die maksimum teologiese inhoud van die teks/boek te bepaal deur die oorspronklikste (of allervroegste) tradisies/oorleweringe te identifiseer en die historiese gang daarvan tot by die finale teksgestalte te beskryf. In hierdie historiese beskrywing (of oorvertelling) word die teologiese dimensies (van byvoorbeeld die Heksateug) duideliker.

Rolf Rendtorff het lank gelede 'n kort handige uiteensetting van Von Rad se terminologie verskaf. Naas "Überlieferungsstoffen" word ook van "Überlieferungsteilen und teilchen", van "Überlieferungselementen" en "Überlieferungsmomenten" of samevattend van "Überlieferungsmaterial" en "Überlieferungsgut" gepraat. Groter samehange word met "Überlieferungskreise" ("Traditionskreise"), "Überlieferungseinheiten", "Traditionsblöke", "Traditionsgruppe", "Überlieferungsreihen", "Traditionsballungen" en "Traditionsmassen" aangedui. Die samevloeiing van verskeie tradisies lei tot "Traditionsschichtung" binne 'n boek of teks. Die ontwikkelingsgang van 'n bepaalde oorlewering word met die woorde "Traditionsprozess", "Überlieferungslinien" en "Traditionsströmen" beskryf. 'n Breuk in die oorleweringsgeskiedenis word uitgedruk met "Überlieferungsbrüchen" of "Traditionsbrüchen" (Rendtorff 1973:25-26).

Onderliggend aan Von Rad se tradisiehistoriese benadering lê 'n paar basiese uitgangspunte. Die Ou Testament se lang wordingsgeskiedenis vertoon 'n bepaalde *patroon*: oorspronklik was dit in kleiner eenhede oorgelewer; op allerlei maniere is dit tot sy huidige gestalte uitgebou; die bouwerk was met boumateriaal uitgevoer wat van verskillende oorde afkomstig was en in verskillende tydperke ontstaan het; dikwels was hierdie materiaal uit hul oorspronklike konteks geneem en radikaal verander om by die outeursbedoeling aan te sluit (Von Rad 1957:127-134). Die kategorie 'geskiedenis' het vir Israel 'n *eksistensiële betekenis* gehad: voortdurend is die verlede geaktualiseer; dit is

geherinterpreteer en op hulle eie tyd van toepassing gemaak (Von Rad 1971a:12--18; 1971c:64). Elke geskiedenis was 'n *eietydse weergawe* van die verlede: 'n skrywer het vertel wat vir hom belangrik was en hoe hy die verlede beskou het; hy het sy geskiedenis in die taal en die teologiese denke van sy tyd gegiet. Israel se *geskiedsbeeld* het oor 'n lang tyd gegroei: na 'n lang en 'n volgehoue proses van refleksie het die beeld van aartsvaders plus uittog plus woestyn plus Sinai plus intog ontwikkel (Von Rad 1930; 1957:93-96,344-351; 1971b:189-204).

Bogenoemde kan ons aan die hand van twee voorbeelde illustreer. Een vind ons in sy werk oor die boek Deuteronomium (Von Rad 1966:11-30). Hierdie boek bestaan uit 'n groot verskeidenheid van teologiese denkstrome wat in verskillende tye en plekke ontstaan het en later tot 'n eenheid (in die boek Deuteronomium) saamgesnoer is (Von Rad 1973a:127-132); 'n oorlewerings-historiese benadering impliseer nou dat 'n mens baie sorgvuldig die spoor van hierdie teologiese hooflyne sal vat en dan so noukeurig as moontlik sal beskryf hoe dit alles in die boek Deuteronomium saamgevloei het (Von Rad 1973b:63).

Nog 'n voorbeeld vind ons in Von Rad se uitstekende werk oor die heilige oorlog. Vroeër in Israel se geskiedenis het die mens 'n integrale deel van die stryd uitgemaak, maar in 2 Kronieke 20:17 word gesê: "Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie" (2 Kron 20:17). Wat het intussen gebeur? Von Rad se tradisie-historiese ondersoek het die toenemende verandering in die denke oor die heilige oorlog belig. In nuwe kontekste is dit telkens nuut en anders geïnterpreteer het. By koning Josafat bereik alles 'n hoogtepunt met die opdrag om net te staan en kyk (Von Rad 1991:128-134).

Daar is iets besonder aan Von Rad se oorleweringsgeskiedenis (Von Rad 1970b:364-405). Dit dui op beweging: 'n historiese beweging van die kleinste deeltjie tot by die finale teksgestalte. Wat Albertz ten opsigte van godsdiensgeskiedenis gesê het, is ook van Von Rad se oorleweringsgeskiedenis waar: dit laat meer reg aan die historiese aard van die Ou Testament geskied; dit belig die noue band tussen teologiese nadenke en lewens- of ontstaanskontekste beter; dit laat meer reg aan die dialogiese proses, die gesprek tussen die verskillende teologiese tradisies in spesifieke kontekste geskied. En

ten slotte laat dit ons iets van mense, gewone mense en hulle stryd om God, hulleself en hulle wêreld beter te verstaan (Albertz 1992:30-32).

Tradisiegeskiedenis stel ons dus in staat om die gesprek tussen die verskillende teologiese tradisies te hoor. Anders gestel: tradisiegeskiedenis moet die tradisies losmaak sodat die dialoog gehoor kan word. En wanneer dit gebeur, leef die Ou Testament nie net nie, maar word die groot etiese en teologiese sake van die betrokke tyd duideliker. Ons kan dit illustreer aan die hand van die hedendaagse onderskeiding tussen ’n Pentateugredaksie (PentRed) en ’n Heksateugredaksie (HexRed) (Zenger 1998:122-124). In albei redaksies word die groot eties-teologiese probleme van die na-ballingskapse gemeenskap gereflekteer.

In die Heksateugredaksie (HexRed) wat ons in die boeke Genesis tot en met Josua aantref, staan land en grond sentraal. Soos wat die ballinge se nageslag na 538 vC teruggekeer het, was daar alhoemeer spanning oor land. ’n Grondkrisis het mettergaan ontstaan omdat verskillende mense verskillende grondaansprake gehad het. Vir die Heksateugredaksie (HexRed) was “land” die eintlike heilsgawe van Jahwe. In die Heksateugredaksie (HexRed) se grootse werk (wat vanaf Genesis 1 tot Josua 24 gestrek het) was alles op Israel se besit van die land afgestem (Otto 2000:108, 247-248, 261). Hierdie klem op die land val vandag nog gunstig op die oor van menige Afrikaan, maar dit was net die eenkant van die munt.

Dan was daar ook nog die Pentateugredaksie (PentRed). In die Pentateugredaksie (PentRed) verneem ons die stem van diegene wat in diaspora verkeer het. Diegene het nie deel aan die land gehad nie en vir hulle was dit ook nie so belangrik nie. Vir hulle was die Tora (Genesis tot Deuteronomium) die uitnemendste van Jahwe heilsgawes. Teenoor die Heksateugredaksie (HexRed) se klem op land word die Tora dus gestel. Die Tora was die eintlike gawe wat Israel moes koester. Gevolglik is die Pentateug van die boek Josua losgemaak en het die wette (soos in die Bondsboek, die Heiligheidskodeks en Deuteronomium) ’n baie sentrale rol begin speel. Hierop moes Israel bly fokus het en in hierdie wette moes Israel “sy vreugde vind, dit dag en nag oordink” (Ps 1:2). Belangrik is die “etiese konsekwensies” wat hieruit voortvloei (Otto 2000:93,108). Vir die debat oor grondregte in Afrika is die spanning tussen Heksateugredaksie (HexRed) en

Pentateugredaksie (PentRed) uiters belangrik, maar dan moet die groot teologiese tradisies histories ontsluit word.

## 7. GESKIEDENIS EN TEOLOGIE

Hierdie wetenskaplike oorvertelling van die heel vroegste tot die heel laaste teksgestalte is meer as ’n historiese relaas. Dit is ook ’n teologiese onderneming. In die oorvertel van die ontstaangeskiedenis kom soveel teologiese vonke los dat ons die teologiese lyne in die Heksateug/Ou Testament helderder en duideliker kan raaksien (Von Rad 1971a:75-81). Hierdie teologie van Israel het inderdaad nie in ’n lugleegte gestalte gekry nie. Mense van vlees en bloed het in verskillende tye in Israel se geskiedenis op verskillende maniere sin aan hulle lewens probeer gegee. Hulle het toe besluit om hulle eie verlede teologies te interpreteer en dit so te doen dat dit vir hulle daaglikse lewe sin maak. En die geskiedenis wat hulle hiervoor “gebruik” het, was Jahwe se geskiedenis met hulle. Spesifieke dade van Jahwe (soos by die skepping, die aartsvaders, die bevryding uit die Egipte, die woestyntyd, die gebeure by Sinai en die intog) het die basis van hulle geloofsnadenke gevorm (Von Rad 1957:127-134).

Met behulp van hierdie dade het Israel verder gedink, geglo en gedoen. Israel het hierdie groot handelinge van God in die verlede in die geloof *geïnterpreteer*: dit was nie blote historiese feite nie, maar ’n geskiedenis wat vanuit ’n bepaalde geloofsdimensie gestalte gekry het. Hierdie dade is voortdurend *geherinterpreteer* (Von Rad 1960/1961:213-216): daar is voortdurend daaroor nagedink en vir hulle eie tyd geïnterpreteer. Israel het hierdie geskiedenis voortdurend *geaktualiseer*: hulle het hierdie verlede vir hulle eie tyd so relevant gemaak dat hulle lewensmoed vir hulle daaglikse lewe gekry het; vanweë Jahwe se geskiedenis met hulle sou hulle môre nie minder sinvol as hulle gisters en eergisters wees nie. Vir Israel was hierdie geskiedenis die grondslag van hulle *toekomsverwagting*: aan die hand van hierdie groot dade het hulle inhoud aan hulle toekomshoop gegee (Von Rad 1960:125-132). Kortom: geloof roep om historiese besinning en historiese dade ondersteun die geloof.

Hierdie dade (by die skepping, aartsvaders, uittog uit Egipte, woestynreis, Sinai en die intoggebeure) het Von Rad “heilsgeskiedenis” genoem (Von Rad 1957:13-24). Nogal ’n problematiese begrip. Dit skep die indruk asof ’n mens buite die geskiedenis

kan tree en dan met suiwer maatstawwe kan bepaal wat heil of openbaring is en wat nie. Oor sulke gawes beskik niemand nie. Ons is deel, onlosmaaklik deel van die gebeure van gister, vandag en môre. Daar is maar net een geskiedenis en dit is die van Israel, van ons en al die geslagte van mense tot by die voleinding. Dit is onmoontlik om ons daarvan los te maak en dan êrens op ’n punt buite (of dalk in) die tyd te gaan staan en te wil sê watter dade heilshandelinge is en watter nie. So het Von Rad dit ook hoegenaamd nie bedoel nie. “Heilsgeskiedenis” was vir hom inderdaad die geskiedenis van Jahwe met Israel, maar soos wat Israel dit self gesien en verstaan het (Von Rad 1973d:289-312). Dit was die geskiedenis van Jahwe met Israel, maar soos wat Israel dit self ervaar en oorvertel het. Dit was die groot dade van Jahwe (by die skepping, aartsvaders, uittog uit Egipte, woestynreis, Sinai en die intoggebeure en ook later die belofte aan Dawid) soos wat Israel dit self geïnterpreteer en beskryf het. “Heilsgeskiedenis” het dus alles met Israel se geloofsverstaan van hulle geskiedenis te make. En ’n Teologie van die Ou Testament se groot taak was dan volgens Von Rad om hierdie geloofsinterpretasies van Israel oor te vertel. “Nacherzählung” is die woord wat hy hiervoor gebruik het (Von Rad 1957:111-120). In so ’n teologie val die kollig op Israel se verstaan van en “getuienis” oor Jahwe se handelinge in hulle geskiedenis.

## 8. SLOT

Soos ons hierbo gesê het, het baie dinge sedert Von Rad se tyd verander. Nuwere insigte in en perspektiewe op die Ou Testament het Von Rad in baie opsigte gedateer. En tog ook nie. Daar is nie verniet van die tyd voor en na Von Rad gepraat nie (Schmidt 1972:1-25). So gou is ons nie klaar met hom nie. Sy impak op die Ou-Testamentiese wetenskap was daarvoor net te groot. Ons in Suid-Afrika kan byvoorbeeld opnuut weer oor die verhouding historiese kritiek, geskiedenis en teologie met behulp van Von Rad se denke besin.

## Literatuurverwysings

Albertz, R 1992. *Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit*, 1. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Alt, A 1966. *Essays on Old Testament history and religion*. Oxford: Blackwell.

Ayer, A J 1983. *Language, truth and logic*. York:Penguin.

Bright, J 1972. *A history of Israel*. London: SCM.

Davis, P R 1994. "House of David" built on sand. *BAR* 20(4), 28-40.

Davis, P R 1995. *In search of "Ancient Israel"*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Dreyer, P S 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Kaapstad: HAUM.

Graf Reventlow, H 1985. *Problems of Old Testament theology*. London: SCM.

Gunkel, H 1910. *Genesis*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Gunkel, H 1926/1927. The "Historical Movement" in the study of religion. *ExpTimes* 38, 532-536.

Gunkel, H 1975. *Einleitung in die Psalmen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Hasel, G. 1982. *Old Testament theology: Basic issues in the current debate*. Revised edition. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Knight, D.A. 1975. *Rediscovering the tradition of Israel*. Revised edition. Missoula, MT: Scholars Press.

Koningsveld, H 1977. *Het verschijnsel wetenschap*. Amsterdam: Boom Meppel.

Kraus, H-J 1969. *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testament*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Le Roux, J H 1981. Uittog en Sinai. DTh-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Le Roux, J H 2001. No theory, no science. *OTE* 14(3), 444-457.

Mehlhausen, J 1984. Geschichte/Geschichtsschreibung/Geschichtsphilosophie. *TRE* 2, 643-658.

Otto, E 1999a. *Das Deuteronomium*. Berlin: Walter de Gruyter.

Otto, E 1999b. sv Deuteronomium. *RGG* 4/II, 693-696.

Otto, E 2000. *Das Deuteronomium im Pentateuch und Hexateuch*. Tübingen: J C B Mohr.

Pannenberg, W 1973a. Glaube und Wirklichkeit im Denken Gerhard von Rads, in Wolff & Rendtorff 1973:37-54.

Pannenberg, W 1973b. *Wissenchaftstheorie und Theologie*. Frankfurt: Suhrkamp.

Rendtorff, R 1973. Die alttestamentliche Überlieferungen als Grundthema der Lebensarbeit Gerhard von Rads, in Wolff & Rendtorff 1973:21-36.

Rendtorff, R 1991. *Kanon und Theologie*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Rogerson, J 1984. *Old Testament criticism in the nineteenth century*. London: SPCK.
Schmidt, W H 1972. "Theologie des Alten Testaments" vor und nach Gerhard von Rad. *EvThBeih* 17, 1-25.
Smend, R 1989. *Deutsche Alttestamentler in drei Jahrhunderten*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
Thiselton, A C 1980. *The two horizons*. Exeter: Paternoster.
Thompson, T L 1974. *The historicity of the patriarchal narratives*. Berlin: Walter de Gruyter.
Thompson, T L 1978. The background of the patriarchs. *JSOT* 9, 2-43.
Thompson, T L 1987. *The origin tradition of ancient Israel*. Sheffield: JSOT Press.
Troeltsch, E 1913. Historiography, in Hastings (ed), *Religion and ethics*, 716-723. Edinburgh: T & T Clark.
Troeltsch, E 1922. *Ueber historisch und dogmatisch Methode in der Theologie*. *Gesammelte Schriften*, II. Tübingen: J C B Mohr.
Urmson, J O (red) 1985. *Western philosophy and philosophers*. Bergvlei: Century Hutchinson.
Urmson, J O 1985. Logical positivism, in Urmson 1985:167-172.
Van Huyssteen, W 1970. *Teologie van die rede*. Kampen: Kok.
Van Seters, J 1999. *The Pentateuch. A social-science commentary*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
Von Harnack, A 1908. Das Wesen des Christentums. Leipzig: Heinrichsche Buchhandlung.
Von Rad, G 1957. *Theologie des Alten Testament*, Vol 1. München: Chr Kaiser Verlag.
Von Rad, G 1960. *Theologie des Alten Testament, Vol 2*. München: Chr Kaiser Verlag.
Von Rad, G 1960/1961. History and the patriarchs. *ExpTimes* 72, 213-216.
Von Rad, G 1966. *Deuteronomy. A commentary*. London: SCM Press.
Von Rad, G 1970a. *Genesis*. London: SCM Press.
Von Rad, G 1970b. *Weisheit in Israel*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
Von Rad, G 1971a. Das formgeschichtliche Problem des Hexateuch, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament* 1, 9-86. München: Chr Kaiser Verlag.

Von Rad, G 1971b. Die levitische Predigt in den Büchern der Chronik, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament* 1, 248-261. München: Chr Kaiser Verlag.

Von Rad, G 1973a. Das Gottesvolk im Deuteronomium, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament* 2, 9-108. München: Chr Kaiser Verlag.

Von Rad, G 1973b. Deuteronomium-Studien, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament* 2, 109-153. München: Chr Kaiser Verlag.

Von Rad, G 1973c. Die Theologie der Priesterschrift, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament* 2, 154-188. München: Chr Kaiser Verlag.

Von Rad, G 1973d. Offene Fragen im Umkreis einer Theologie des Alten Testaments, in *Gesammelte Studien zum Alten Testament* 2, 289-312. München: Chr Kaiser Verlag.

Von Rad, G 1974. *Gottes Wirken in Israel*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Von Rad, G 1991 (1958). *Holy war in Israel*. Grand Rapids/Michigan: William B Eerdmans.

Wellhausen, J 1905. *Prolegomena zur Geschichte Israels*. Berlin: Reimer.

Wellhausen, 1963. *Die Composition des Hexateuchs und der Historischen Bücher des Alten Testaments*. Berlin: Walter de Gruyter.

Wolff, H W & Rendtorff, R 1973. *Gerhard von Ra: Seine Bedeutung für die Theologie*. München: Chr Kaiser Verlag.

Wolff, H W (red) 1971. *Probleme Biblischer Theologie*. München: Chr Kaiser Verlag.

Wolff, H W 1971. Gespräch mit Gerhard von Rad, in Wolff 1971:648-658.

Wolff, H W 1973. Gerhard von Rad als Exeget, in Wolff & Rendtorff 1973:9-20.

Zenger, E (red) 1998. *Einleitung in das Alte Testament*. Stuttgart: W Kohlhammer.